Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2019

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BLOUVLAGSEISOEN OOP

'n Spesiale blouvlagseremonie was op Vrydag, 30 November 2018 by Kleinmond se hoofstrand, Hawston en Grotto strand in Hermanus gehou, om die aanvang van die Blouvlagseisoen in Overstrand in te huldig.

Grotto se Blouvlagstatus het op 1 Desember in werking getree en sal tot 31 Maart 2019 van krag wees. In geval van Hawston en Kleinmond, sal hierdie status vanaf 14 Desember tot 13 Januarie 2019 geld.

Castle Beach in Pearly Beach is vir 'n tweede opeenvolgende jaar loodsstatus toegeken en indien dit so voortdoen, kan Overstrand dalk vier volwaardige Blouvlagstrande teen 2019 hê.

Die loodsperiode vir Castle Beach sal vanaf 14 Desember tot 13 Januarie 2019 van krag wees.

Die blouvlagstatus is 'n internasionaal gesogte toekenning wat verseker dat elke Blouvlagstrand nie net mooi en veilig is nie, maar ook omgewingsvriendelik en sosiaal verantwoordbaar is sowel as toeganklike fasiliteite vir gestremdes het.

Die akkreditasie word vir een seisoen toegeken en indien toestande by die strande agteruitgaan, kan dit onttrek word.

Om blouvlagstatus te bekom verg harde werk en Rdl Grant Cohen het alle rolspelers bedank vir die verskillende rolle wat hul gespeel het om te verseker dat die status behou is.

Voorts het hy bygevoeg voorsien dit die nodige versekering aan ons inwoners en besoekers wat die bykomende voordele sal geniet. "Ons besef die belangrikheid van plaaslike toerisme en ons poog om ons fasiliteite in 'n goeie toestand te hou om toeriste gedurende die somerseisoen te verwelkom".

Cohen het die Blouvlagstrand koördineerder, Lauren Rainbird bedank wat ag geslaan het op hul pleidooie en Kleinmond met hul eie strandvriendelike rolstoel voorsien het. Dit sal verseker dat almal die wonderlike strand en see sal kan ervaar, met die bystand van die lewensredders.

In haar openingsrede by Grotto strand, het Onderburgemeester Elnora Gillion gesê dat Blouvlagstrande belangrik is vanuit 'n ekonomiese en toerisme bemarkingsoogpunt, aangesien toeriste aanklank vind by Blouvlagstrande weens die kwaliteit en omgewingstandaarde wat dit verteenwoordig.

"Met toerisme wat een van die wêreld se vining groeiendste industrieë is en meer spesifiek die hoogste inkomste genereerder vir die Overstrand is, neem ons besondere trots en sorg van ons kushulpbronne" het Onderburgemeester Gillion gesê.

Sy het bygevoeg "Ons moedig gemeenskappe aan om strande en hul fasiliteite verantwoordelik te gebruik en die belangrikheid te verstaan om volhoubare praktyke en bewaring van ons mariene en kusomgewings te bevorder tot voordeel van huidige en toekomstige generasies.

In Suid-Afrika, word die Blouvlagprogram sedert 2001 deur "WESSA (*the Wildlife and Environment Society of South Africa*) bestuur en bied dit heelwat voordele: verbeterde toerisme fasiliteite, verbeterde bestuur van kus ekosisteme, opvoedkundige bewusmakingsprogramme en uitstekende water kwaliteit standaarde en fasiliteite. Grotto het een van die mees toeganklike strande in die land vir mense met gestremdhede waar hul van die strandrolstoele gebruik kan maak.

BLOUVLAG GEHYS
Overstrand Munisipaliteit Snr Superintendent: Wetstoepassing Anthony Blankenberg by die vlagseremonie by Grotto Strand Hermanus vir die amptelike bekendstelling van die 2018 Blouvlagseisoen.

Bykomend, hou Grotto strand die rekord van Blouvlag-status vir die meeste agtereenvolgende jare in die land.

Spesiale erkening was aan Richard Scholtz (Superintendent: Parke, Sportvelde en Strande) gegee wat vroeg volgende jaar gaan aftree. Richard is sedert 2001 by die Blouvlag program betrokke.

Let wel, honde-eienaars wat gebruik maak van Overstrand strande wat Blouvlagstatus bekom het, moet die Blouvlagvereistes vir die periode respekteer.

Troeteldiereienaars word ook versoek om nie hondebollie in die sand te begrawe of in die see te gooi nie, maar dit op te tel en op 'n geskikte en higiëniese wyse daarvan ontslae te raak

BOOTVAART REËLS EN REGULASIES OP DIE KLEINRIVIER - VEILIGHEID EERSTE

19 KRAB 2019

Veiligheid is altyd belangrik en veral so met die feesseisoen op hande. Dit is daarom tyd vir die jaarlikse "river rules reminder" om 'n veilige en aangename ontspanningsondervinding te bevorder vir al die gebruikers van die Kleinrivier.

Die Kleinrivier Vereniging van Bootvaart (KRAB) in samewerking met die Munisipaliteit Overstrand is getaak met die bestuur van die Du Toitstraat sleephelling, die uitreiking van jaarlikse- en dagpermitte en die beheer van die gedrag op die rivier binne die munisipale grens en verder, so ver as die geproklameerde voëlreservaat tussen die rivier en strandmeer.

Spoedbeperkings '*DEAD SLOW - NO WAKE*' sal weereens in plek wees vanaf Stanford dorp so ver as die skerp linkerkant draai onder die kraglyn by Walschacres asook om die skerp draai by die plaas Middelburg, soos aangetoon op die kaart op die agterkant van die permitte en deur kennisgewings op die rivier. Dit sal streng toegepas word - soos altyd - en oortredings sal lei tot die intrekking van permitte van oortreders.

Dagpermitte, beperk tot twee per dag bo 15 perdekrag en twee per dag onder 15 perdekrag sal weereens beskikbaar wees by Standford Inligtingskantoor vanaf 09:30 daagliks, en dagpermit bote moet verwyder word van die rivier teen 17:30.

'n Geldige skipperslisensie en 'n boot Sertifikaat van Geskiktheid moet getoon word vir alle bote bo 15 perdekrag ten einde met 'n dagpermit uitgereik te word. Binneboord enjin aangedrewe bote word nie toegelaat nie, as gevolg van die ongemaklike grootte van die rimpelings wat deur hierdie vaartuie veroorsaak word.

Waterponies word verban, soos in die geval van alle binnelandse waters in die Wes-Kaap.

Alle watervaartuie MOET te alle tye aan die regterhandse kant van die rivier vaar. Dit is nasionaal wetlik verpligtend afgekondig en is noodsaaklik vir die gebruikers van die rivier se veiligheid en sal hierdie seisoen streng afgedwing word.

KRAB sal in hierdie verband bygestaan word deur die Overstrand Wetstoepassing patrollievaartuig.

Neem asseblief kennis dat geen kragbote toegelaat word in die voëlreservaat tussen die rivier en die strandmeer. Hierdie jaar, as gevolg van die hoë watervlakke, het ESKOM 'n kennisgewing uitgereik wat die gebruik van enige watervaartuig (jagte) met maste op die Kleinrivier verbied.

Alle kragbote sal duidelik sigbare oranje genommerde 2019 plakkers vertoon op beide sye vir maklike herkenning in die geval van klagtes wat aanhangig gemaak kan word by Clive Pearce tel nr 079 766 4900 of Adriaan Swart tel nr 079 117 9174, of via die gebeurlikheidsboek wat gehou word by Stanford Inligtingskantoor.

Die KRAB Komitee sal, soos gewoonlik, insette van riviergebruikers verwelkom hetsy in die vorm van vrae, kommentaar of legitieme klagtes. Ons wens al ons permithouers en riviergebruikers 'n aangename en sorgvrye vakansieseisoen op die rivier toe.

Vir besonderhede met betrekking tot voorsorgmaatreëls en reëls van toepassing op die gebruik van die rivier gedurende die komende seisoen, besoek asseblief die Overstrand webtuiste www.overstrand.gov.za en kliek op Documents, Bylaws en dan Estuaries. Neem ook kennis dat boot aktiwiteite by Maanschynbaai en Prawn Flats ook gemonitor sal word en dat streng reëls en veiligheidsregulasies ook daar toegepas sal word.

DRINKWATERKWALITEIT

APRIL 2018 - SEPTEMBER 2018 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	STANDAARD VOLGENS SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN DRINKWATERMONSTERS VIR:								
			Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai en Betty's Baai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baard-skeerders-bos	Buffels-jagsbaai
pH	pH-eenhede	≥ 5 to ≤ 9,7	7,2	7,3	7,2	7,5	7,0	8,0	7,4	8,7	7,7
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	31,7	30,5	53,7	76,3	91,9	48,2	51,4	61,0	169,5
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,2	0,4	0,9	0,2	0,7	0,2	0,4	0,4	0,3
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	4,2	5,2	4,0	4,3	4,4	4,4	6,3	4,2	4,0
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	24,2	24,7	136,7	-	70,5	-	46,9	80,7	24,0
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	33,9	-	-	-	-	31,4	-
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	72,7	122,7	74,5	-	170,7	-	22,9	-	-
E.coli	Telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

GEHALTE VAN BEHANDELDE RIOOLWATER-UITVLOEISEL

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van die uitvloeisel van hul rioolsuiweringswerke publiseer.

Die gehalte van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as òf Algemene Standaarde òf Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die tabeloor die gehalte van die uitvloeisel van die rioolsuiweringswerke soos beskikbaar op die munisipale webtuiste illustreer die gemiddelde metings by Munisipaliteit Overstrand se vyf suiweringsaanlegte teenoor parameters wat vir die gehalte van uitvloeisel gestel word oor die afgelope ses maande, vergeleke met die DWS se Standaarde. Monsters word op 'n maandelikse basis vir ontleding deur geakkrediteerde laboratorium geneem.

In Munisipaliteit Overstrand voldoen die gehalte van die finale uitvloeisel van vuilwater in 91% van die gevalle. In gevalle waar die toets resultate van die finale uitvloeiselmonster nie voldoen aan die standaard nie, word daar regstellings by die werke gedoen. Die afloopwater kwaliteit word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters aan die standaard voldoen.

WEES INGELIG OOR WATERKWALITEIT

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater publiseer.

Waterkwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater gemeet.

Op die tabel hiernaas is die resultate vir die tydperk van April 2018 tot September 2018 se waterkwaliteit-metings vir Overstrand se nege water-aanlegte. Watermonsters word maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dit dat ons waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater nie voldoen aan SANS 0241 nie, word daar regstellings by die watersuiweringsaanleg en in die water netwerk gedoen. Die finale drinkwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan SANS 0241 voldoen.

Lede van Kleinrivier Brandbestuurseenheid leer om vuur paraat te wees

Lede en mede-werkers van die Kleinrivier Brandbestuurseenheid het op 20 November 2018 'n verfrisserskursus in Brandlynveiligheid ondergaan, aangebied deur Overstrand Brand- en Rampbestuur en "Working on Fire" (WOF).

Angelo Aplon, Assistent Brandweerhoof: Bedryf en Opleiding, sê dit is belangrik om die gemeenskap op verskillende maniere te betrek as deel van hul brandseisoen bewusmakingsveldtog. "Ons sien dat ons gemeenskap as 'n geheel beter voorbereid is," het hy verduidelik. "Deur brandpaaie te skep, toerusting te onderhou, kapasiteit te bou om meer pro-aktief te wees, buffersones (brandblokke) te skep en om 'n duidelike noodbestuursplan te hê, is die gemeenskap behulpsaam in die kritieke eerste-aksie in geval van 'n veldbrand "het hy afgesluit.

DEFINIËRING VAN DIE ROL VAN DIE POLISIE EN WETSTOEPASSING IN DIE GEMEENSKAP

Die Munisipaliteit Overstrand het onlangs 'n baie suksesvolle wykskomitee beraad aangebied met 'n 76% bywoningsyfer deur wykskomiteelede.

Die doel van die beraad was om die verhoudinge tussen die Munisipaliteit en lede van Wykskomitees te verbeter en te verstrek.

Verskeie gesprekke is gevoer, insluitend moontlike veranderinge aan die wetgewende raamwerk vir die Wykskomitees, publieke deelname, behuising en publieke veiligheidsaspekte sowel as sosiale samehorigheid.

Deirdré Olivier van Fairbridges, Wertheim Becker Prokureurs het 'n voorlegging gemaak oor die verskillende mandate van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en Munisipale Wetstoepassing.

Sy het gesê die algemene publiek kan verward raak aangesien hulle nie altyd weet wie se mandate dit is, om byvoorbeeld, eiendom te beskerm of wet en orde te handhaaf gedurende protes-aksies nie.

Dit was duidelik na die onlangse protes-aksies en grond besettings in Hermanus toe hoër hof aksie ingestel is om die Munisipaliteit te verplig om in te gryp deur mense te verwyder of te verhoed om private grond te beset.

Die SAPD is onder 'n wetlike verpligting om stappe te neem om grondeienaars by te staan om grond besettings te verhoed en daarmee te handel op 'n wetlike en konstitusioneel toepaslike wyse. Hulle is ook verplig om op te tree indien die veiligheid van persone bedreig word of indien daar kriminele aktiwiteit voorkom of wet en orde bedreig word.

Waar die Grondwet spesifieke funksies toewys aan 'n betrokke entiteit, soos in die geval van die SAPD, moet die magte en pligte van ander staatsorgane op so 'n wyse geïnterpreteer word deur die eksklusiwiteit van daardie toewysing van funksies te respekteer.

"Dit is fundamenteel tot die Grondwetlike orde dat die sfere van regering geen mag kan uitoefen of enige funksie mag verrig buite dit wat wetlik aan hulle toevertrou is. Die beheer van private grond of die bestuur van onwettige okkupasie van sodanige grond, die beskerming van inwoners, die voorkoming van kriminele aktiwiteit en die handhawing van wet en orde, byvoorbeeld gedurende betogings, is nie funksies wat val binne die kader van die plaaslike regering nie" het sy gesê.

Dit is nie die munisipaliteit se rol om misdaad te voorkom, bestry of om dit te ondersoek nie, openbare orde te handhaaf nie, om die inwoners van die land en hulle eiendom te beskerm en te beveilig nie en die uitoefening van die wet nie - dit is die plig van die polisiediens.

Die SAPD (en nie die Munisipaliteit), is verplig en bemagtig om

- Private eiendomsregte te beskerm,
- Die handhawing van wet en orde gedurende protes-optogte of die besetting van grond, of
- Om hofbevele af te dwing wat die howe aan die Balju opgedra het om uit te voer (bygestaan indien nodig deur die SAPD).

So wat is die magte van die munisipaliteit se wetstoepassing? Die Munisipaliteit se wetstoepassing se primêre funksie is om verordeninge te handhaaf en met die oortreding van sodanige verordeninge te handel.

Die oogmerke van plaaslike regering omvat:

- Die voorsiening van dienste op 'n volhoubare wyse
- Die bevordering van sosiale en ekonomiese ontwikkeling, en
- Die bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing.

Die munisipaliteit se mandaat sluit nie die volgende in nie:

- Die mag om privaat eiendom te polisieër
- Polisiëring ten einde landsburgers se veiligheid te beskerm
- Om kriminele gedrag te voorkom of om daarmee te handel
- Die handhawing van wet en orde in die polisiëringverband.

BESKERMINGSDIENSTE GESEËN VOOR SOMERVAKANSIE

Op die foto verskyn (voor links) Snr Brandweerman Isaacs, Pastoor Van Niekerk, Brandweermanne Stanley and Langetye. Agter is Brandweerman Viviers, Assistent Hoofde Aplon and Rust.

Overstrand se uniform personeel het op Sondagoggend, 25 November 2018, by Lewende Water Familiekerk in Hermanus bymekaar gekom vir 'n Feestyddiens.

Hierdie spesiale diens was gekenmerk deur die teenwoordigheid van Onderburgemeester Elnora Gillion, saam met die mede-Overstrand raadslede. Dit was ook bygewoon deur brandweermanne, verkeers- en wetstoepassingsbeamptes, mediese noodpersoneel, vrywilligers en almal wat in tye van nood bystand verleen.